19 Oktober 2011

NUUSBRIEF 10/2011

Geagte Ouers

Neem asseblief kennis van die volgende belangrike sake:

1. HERREGISTRASIE VIR 2012

Die herregistrasie vir leerders vir 2012 is reeds verlede kwartaal afgehandel. Dankie vir u goeie samewerking en ondersteuning. Enkele ouers het egter nie gereageer nie en ons neem aan dat u verhuis en sodanige leerders is reeds van die graadlyste verwyder om plek te maak vir die nuwe leerders wat nou met hulle aansoek om toelating besig is.

2. SKOOLGELD

Die finale betaling van skoolgeld vir 2011 moes teen Vrydag, 7 Oktober 2011, afgehandel wees (uitgesluit ouers wat per debietorder betaal). Indien u nie die sperdatum nagekom het nie, moet die nodige reëling dringend met die Finansiële kantoor getref word, ten einde te verhoed dat u aan die skool se invorderaars oorhandig word.

3. OUERAAND: DONDERDAG, 20 OKTOBER 2011

'n Baie belangrike oueraand vind plaas op bogenoemde datum tussen 17:00 en 18:00. Alle leerders wat per skrywe uitgenooi is, moet asseblief hierdie oueraand bywoon aangesien ons dringend u kind se vordering met u moet bespreek. Ander ouers wat die personeel wil spreek is ook baie welkom.

4. EKSAMEN: 22 NOVEMBER 2011 – 2 DESEMBER 2011

Die eindeksamen vir Gr 4 – 7 leerders word op bogenoemde datum afgeneem. Die akademiese program staak op Vrydag, 2 Desember 2011. Die werksafbakening vir elke vak en die eksamenrooster sal op 1 November 2011 aan elke ouerhuis beskikbaar gestel word. Neem asseblief kennis dat geen vraestelle buite die geskeduleerde tye geskryf sal word nie.

5. BELANGRIKE DATUMS

20 Oktober 2011	:	Oueraand
22 Oktober 2011	:	Leierafskeid
26 Oktober 2011	:	Leierverkiesing
27 Oktober 2011	:	Intergraad Bybelvasvra
31 Oktober 2011	:	Aansoeke om toelating (nuwe leerders) sluit
01 November 2011	:	Eksamen- en studieroosters beskikbaar
04 November 2011	:	Gr R Feestyd-Safari
		Leierbekendmaking
10 November 2011	:	Gr 1 Inligtingsdag
11 November 2011	:	Leerders toegelaat vir 2012 bekendgemaak
		Leierontwikkelingswerkswinkel
14 November 2011	:	Verkiesing van Hoofleiers
15 November 2011	:	Toekenningsfunksie
16 November 2011	:	Leierfunksie (Leiers 2012 en ouers)
17 November 2011	:	Gr R Gradeplegtigheid
18 November 2011	:	Gr 7 Kerkdiens
22 November 2011	:	Eksamen begin
01 Desember 2011	:	Kerssangdiens
02 Desember 2011	:	Eksamen eindig
		Afsluiting in skoolsaal
09 Desember 2011	:	Rapporte beskikbaar by skool tussen 08:00 en 10:00
18 Januarie 2012	:	Skool heropen vir 2012

6. FONDSINSAMELINGSPROJEK : KASKARRE

Baie dankie aan elke ouerhuis wat ons so pragtig ondersteun het met hierdie fondsinsamelingsprojek. R150 000.00 is reeds inbetaal wat alle vorige rekords vir hierdie tipe projek verbeter. Met ‘n ouergemeenskap soos dié van Laerskool Thabazimbi, kan ons skool net van krag tot krag gaan.

Baie sterkte vir hierdie laaste kwartaal van 2011 en dankie vir u volgehoue ondersteuning.

Groete

_____

Mnr J L M Venter
HOOF